**SAFLII Note:** Certain personal/private details of parties or witnesses have been redacted from this document in compliance with the law and SAFLII Policy

REPORTABLE

IN DIE HOe HOF VAN DIE REPUBLIEK VAN

SUID-AFRIKA NOORD GAUTENG, PRETORIA

SAAK NO: CC119/12

DATE:15/07/2013

In die saak van:

Die Staat

teen

Johannes Christiaan Kotze

Beskuldigde 1

| | |
|---|---|
| Paparona Andries Sithole | Beskuldigde 2 |
| Pieta Mampuru Mohlake | Beskuldigde 3 |
| Sello Frans Mphaka | Beskuldigde 4 |

UITSPRAAK: VONNIS

BAM, WR

1. Die misdade wat in hierdie saak ter sprake is, is die volgende:

Aanklag 1: Moord van C B;

Die slagoffer met betrekking tot die volgende 6 aanklagtes is Me L B, die moeder van die oorledene genoem in aanklag 1.

Aanklag 2: Menseroof;

| | |
|---|---|
| Aanklag 3: | Verkragting: (O/a art 3 van Wet 32 van 2007); |
| Aanklag 4: | Verkragting: (O/a art 3 van Wet 32 van 2007); |
| Aanklag 5: | Verkragting: (O/a art 3 van Wet 32 van 2007); |
| Aanklag 6: | Verkragting: (O/a art 3 van Wet 32 van 2007); |
| Aanklag 7: | Aanranding met die opset om ernstig te beseer. |

2. Besks. 1 en 2 is aan al die misdrywe skuldig bevind en besks. 3 en 4 is op aanklagtes 2 tot 7.

3. Oplegging van vonnis is 'n veeleisende, omvattende en moeilike taak. Daar is verskeie oorwegings en aspekte wat inaggeneem moet word ten einde te bepaal wat die mees gepaste vonnis in die betrokke omstandighede is. Dit sluit in die aard van die misdryf, die persoonlike omstandighede van die beskuldigde en die belange van die gemeenskap. Sien S vZinn 1969(2) SA 537 A en S v Mhlakaza 1997(1) SASV 515 HHA. In die saak vanSv/W 2007(2) SASV539 KH, te 555b, is die volgende aanhaling uit S v Banda en Andere 1991(2) SA 352 (B), te 335A-C, goedgekeur:

"The elements of the triad contain an equilibrium and a tension. A court should, when determining sentence, strive to accomplish and arrive at a judicious counterbalance between these elements in order to ensure that one element is not unduly accentuated at the expense of and to the exclusion of the others. This is not merely a formula, nor a judicial incantation, the mere stating whereof satisfies the requirements. What is necessary

is that the court shall consider, and try to balance evenly, the nature and circumstances of the offence, the characteristics of the offender and his circumstances and the impact of the crime on the community, its welfare and concern."

4. Die vier algemeen aanvaarde oogmerke van vonnis is afskrikking, voorkoming, rehabilitasie en vergelding. Terselfdertyd moet die element van genade ook voor oe gehou word. Sien 5 v Rabie 1975(4) SA 855 A.

5. Dit is alom bekend dat ernstige misdade in hierdie land 'n algemene verskynsel is. Daagliks word daar in ons howe gewaarsku, deur in baie gevalle swaar vonnisse op te le, dat mense hulle moet weerhou van misdaad. Dit skyn egter weinig, indien enige, effek te he. Gevolglik is dit so dat die Hoogste Hof van Appel aangedui het dat dit gepas is dat by strafoplegging daar meer klem gele behoort te word op vergelding en voorkoming. In die saak van Mblakaza, te 519d is die volgende gese.

"Given the current levels of violence and serious crimes in this country, it seems proper that, in sentencing especially such crimes the emphasis should be on retribution and deterrence."

6. Wat betref die moord aanklag, aanklag 1, en die verkragtingsaanklagtes, aanklagtes 3, 4, 5 en 6, skryf Die Strafregwysigingswet, No. 105 van 1997, sekere minimum vonnisse voor. Vir moord, wat beplan is of met voorbedagte rade gepleeg is, soos dit die geval was in hierdie saak, word lewenslange gevangenisstraf deur art 51(1), gelees met Deel 1 van Bylae 2, voorgeskryf. Wat die verkragtingaanklagtes betref, skryf genoemde artikel eweneens lewenslange gevangenisstraf voor in gevalle waar die slagoffer deur die beskuldigde of 'n mededader meer as eenkeer verkrag is, of waar die verkragting deur meer as een persoon gepleeg is in die uitvoering of ter bevordering van 'n gemeenskaplike

doel.

7. C se dood is beplan. Dit was moord met voorbedagte rade. Alhoewel besk. 1 vir C laat kom het en hom doodgeskiet het, het besk. 2 aktief met besk. 1 saamgewerk en is beide aan die moord op bewese feite skuldig bevind. Gevolglik is die minimum vonnis van lewenslange gevangenisstraf in hierdie geval wel van toepassing.

8. Wat aanklagtes 3, 4, 5 en 6 betref, die verkragtingaanklagtes, waar besks. 1, 2, 3 en 4 respektiewelik afwisselend die hoofdaders was, het Me Meintjes aan die hand gedoen dat daardie aanklagtes saamgeneem behoort te word vir vonnis doeleindes, aangesien al die beskuldigdes gesamentlik en deurlopend betrokke was, soos dit deur die Hof bevind is. Hierdie vier misdrywe is dan ook gelykstaande aan 'n bende verkragting. Die bevinding van die Hof is dat Me B herhaaldelik verkrag is en dat die beskuldigdes 'n gemeenskaplike opset in daardie verband gehad het. Mnre Greyling, Van Rooyen en Van As het in beginsel saamgestem. In die algemeen is dit onwenslik, weens 'n verskeidenheid van redes, om aanklagtes saam te neem vir doeleindes van vonnis, maar in hierdie geval waar die vier betrokke misdade van dieselfde aard is en met gemeenskaplike opset gepleeg is, is dit in belang van geregtigheid om die aanklagtes saam te neem. Die minimum vonnis van lewenslange gevangenisstraf is dus ook wat hierdie aanklagtes betref, van toepassing.

9. Wet 105 van 1997 skryf nie minimum strawwe voor vir menseroof, aanklag 2, en aanranding met die opset om ernstig te beseer, aanklag 7, nie.

10. Artikel 51(3)(a) van genoemde Wet bepaal dat indien die Hof tevrede is dat daar wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat die oplegging van 'n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum regverdig, die hof verplig is om 'n mindere vonnis op te le.

11. Ten einde vas te stel of daar sodanige wesenlike en dwingende omstandighede bestaan, moet die riglyne in 5 v Malgas 2001(1) SASV 469 HHA, die locus classicus in hierdie verband, gevolg word. In die saak van S v Matyiyi 2011(1) SASV 40 HHA, te 46d-e, par [11] verskyn 'n bevestiging van die oorwegings wat in Malgas uitgespel is:

"Malgas, which has since been followed in a long line of cases, set out how the minimum sentencing regime should be approached, and in particular how the enquiry into substantial and compelling circumstances is to be conducted by a court. To paraphrase from Malgas: the fact that Parliament had enacted the minimum sentencing legislation was an indication that it was no longer 'business as usual'. A court no longer had a clean slate to inscribe whatever sentence it thought fit for specific crimes. It had to approach the question of sentencing, conscious of the fact that the minimum sentence had been ordained as the sentence which ordinarily should be imposed, unless substantial and compelling circumstances were found to be present."

Op p477, par [7], van Malgas, is die benadering wat die hof moet volg, as volg omskryf:

"Whatever nuances of meaning may lurk in those words, their central thrust seems obvious. The specified sentences were not to be departed from lightly and for flimsy reasons which could not withstand scrutiny. Speculative hypotheses favourable to the offender, maudlin sympathy, aversion to imprisoning first offenders, personal doubts as to the effacicy of the policy implicit in the amending legislation, and like considerations were equally obviously not intended to qualify as substantial and compelling circumstances. Nor were marginal differences in the personal circumstances or degrees of participation of co-offenders which, but for the provisions, might have justified differentiating between them. But for the rest I can see no warrant for deducing that the legislature intended a court to exclude from consideration, ante omnia as it were, any or all of the many factors, traditionally and rightly taken into account by courts when sentencing offenders."

In die saak van Director of Public Prosecutions, Transvaal v Venter 2009(1) SASV172 HHA, het Mlambo AR, met verwysing na Malgas, die volgende opgemerk:
"The court reasoned that the aim of the legislature was to achieve a 'severe, standardized and consistent' response from courts in imposing sentence unless there were 'truly convincing reasons for a different response'; that when considering what sentence to impose 'emphasis was to be shifted to the objective gravity' of the crime and society's need for effective sanctions against it."

12. Besk. 1 se persoonlike omstandighede is as volg. Hy is tans 52 jaar oud. Hy het een kind om voor te sorg. Hy het 'n skoon rekord. Hy was 'n boer en 'n besigheidsman. Ter versagting van vonnis het Mnr Greyling aangevoer dat besk. 1 op hierdie stadium bykans alles in die lewe verloor het. Hy is ook nou al vir meer as 18 maande verhoorafwagtend in die gevangenis.

13. Mnr Greyling het aan die hand gedoen dat besk.l berou toon wanneer daar gekyk word na die aantekeninge wat in die dagboek, Bew. "W", verskyn. Volgens Mnr Greyling is besk. 1 se morele blaamwaardigheid verminder asgevolg van die omstandighede waarin hy horn bevind het, ingeslote daarby is sy verhouding met Me B en die finansiele druk wat hy op hom gehad het. In hierdie veband het Mnr Greyling weer verwys na die psigometriese toetse wat Me Spangenberg op besk. 1 uitgevoer het, haar evaluering van besk.l en haar bevinding van besk.l se afwykend gedrag ten tye van die gebeure. Mnr Greyling het gesubmitteer dat die Hof behoort te bevind dat besk. 1 verminderd toerekeningsvatbaar was, wat dan aangemerk kan word as 'n wesenlike en dwingende omstandigheid, met die gevolg dat die Hof'n ligter vonnis moet ople as die voorgeskrewe minimum.

14. Besk. 2 is 45 jaar oud. Hy is getroud en het twee klein kinders om voor te sorg. Hy was

'n besigheidsman wat aktief was met boubedrywighede en het tot R6000 per maand verdien Na sy arrestasie is bevind dat hy HIV positief is. Hy ontvang tans behandeling daarvoor. Sy vrou is ook HIV positief. Mnr van Rooyen het aan die hand gedoen dat besk.l se lewensverwagtinge as gevolg van sy toestand ingeperk is.

15. Mnr van Rooyen het verder aan die hand gedoen dat dit besk. 1 se doel was dat Me B se lewe "n lewende hel gemaak moes word", en dat hy besk. 2 daarvoor misbruik het. Volgens Mnr van Rooyen is besk. 2 se blaamwaardigheid minder as die van besk. 1, wat uiteraard as 'n wesenlike en dwingende omstandigheid in sy guns behoort te tel. Besk. 2 het 'n vorige veroordeling vir Huisbraak waarvoor hy in 1990 tot 3 jaar gevangenisstraf veroordeel was.

16. Besk. 3 is 34 jaar oud. Hy het twee kinders wat nog kleuters is en wat by sy lewensmaat bly. Hy het graad 7 gemaak en het later gekwalifiseer as 'n Graad C Sekuriteitsbeampte. Tydens sy arrestasie was hy egter werkloos. Hy het wel van tyd tot tyd stukwerk gedoen.
Hy het geen vorige veroordeling nie.

17. Besk. 4 is 31 jaar oud en ongetroud. Hy het graad 12 op skool geslaag. Hy het geen naskoolse kwalifikasies nie en was werkloos tydens sy arrestasie. Hy is ook 'n eerste oortreder.

18. Mnr van As het geargumenteer dat besks. 3 en 4 'n mindere straf as besk. 1 verdien omdat hulle twee glad nie by die beplanning van die misdade betrokke was nie, dat hulle 'n mindere rol gespeel het en dus ook minder blaamwaardig as besk. 1 moet wees. Hierdie omstandighede, volgens Mnr van As, is wesenlike en dwingende omstandighede wat 'n mindere straf as die voorgeskrewe minimum strawwe regverdig. Mnr van As het ook

betoog dat die feit dat al die misdade met een doel voor oe gepleeg is, die Hof kan beveel dat die vonnisse saam uitgedien word. Die Hof moet ook in agneem dat die beskuldigdes al 18 maande verhoorafwagtend is.

19. Geen mondelinge getuienis is deur of die Staat of namens die beskuldigdes tydens die voor- vonnis prosedure aangebied nie. Die Staat het egter 'n Slagofferimpakverslag ingehandig wat betrekking het op Me B en haar dogter Angelique. Die verslag is opgestel deur Me Rhona van Niekerk, 'n Kliniese Maatskaplike Werker. Dit handel oorwegend oor die traumatiese effek wat die dood van Conrad en die aanval op Me B op haar en haar dogter gehad het. Me B het in haar getuienis na meeste van die aspekte wat in die verslag vervat is, verwys. Van die gevolge van die misdade is in ieder geval logies en te verwagte en is nie deur die beskuldigdes se regsverteenwoordigers betwis nie. Ek vind dit onnodig om die inhoud van die verslag hier te herhaal. Dit is in die rekord ingelees.

20. Dit is inderdaad van belang dat die impak van 'n misdaad op die slagoffer en naasbestaandes 'n faktor is wat deur die Hof inaggeneem moet word. In die saak van Matyiyi, p48 par[16], verskyn die volgende:
"An enlightened and just penal policy requires consideration of a broad range of sentencing options, from which an appropriate option can be selected that fits best the unique circumstances of the case before court. To that should be added, it also needs to be victim centred. Internationally the concerns of victims have been recognized and sought to be addressed through a number of declarations, the most important is the United Nations Declaration of the Basic Principles of Justice for Victims of Crime and Abuse of Power. The declaration is based on the philosophy that adequate recognition should be given to victims, and that they should be treated with respect in the criminal justice system. In South Africa victim empowerment is based on restorative justice. Restorative justice

seeks to emphasize that a crime is more than breaking of a law or offending against the State - it is an injury or wrong done to another person. The Service Charter for Victims of Crime in South Africa seeks to accommodate victims more effectively in the criminal justice system. As in any true participatory democracy its underlying philosophy is to give meaningful content to the rights of all citizens, particularly victims of sexual abuse, by reaffirming one of our founding democratic values, namely human dignity."

21. Wat betref die gewig wat 'n hof aan die persoonlike omstandighede van 'n beskuldige behoort te heg, is die volgende gestel in die saak van S v Vilakazi 2009(1) SASV 552 HHA, te 574, par [58]:

"In cases of serious crime the personal circumstances of the offender, by themselves, will necessarily recede into the background".

Gevolglik is dit so dat in 'n saak soos die onderhawige, waar die misdade baie ernstig van aard is, die persoonlike omstandighede van 'n beskuldigde, alhoewel dit nie geTgnoreer mag word nie, na die agtergrond skuif.

22. Moord is uiteraard die ernstigste misdryf wat een mens teenoor 'n ander mens kan pleeg. Statistiese gegewens wat in die sesde uitgawe van Strafreg van CR Snyman, op p21 verskyn, toon dat in die tydperk 2009/2010, 16834 moorde in Suid-Afrika gepleeg is. Dit is 47 per dag. Dit is uiters onrusbarend.

In hierdie saak is 'n 19 jarige seun, wat aan die begin van sy lewe was, vermoor. Dit was 'n sinnelose daad. Wat dit nog erger maak is dat besk. 1 dit beplan het en aan Me B gese het dat hy haar seun bo-op haar sou doodskiet nadat hy met sy ma gemeenskap gehad het. Besk.l het C binne hoorafstand van Me B doodgeskiet. Tenspyte van die feit dat C gesmeek het dat besk. 1 horn nie moet skiet nie, het besk. 1 geen genade betoon nie. Hierdie ervaring het seersekerlik ernstig bygedra tot die trauma wat Me B ervaar het.

23. Verkragting is eweneens 'n baie ernstige misdaad. Dit is waarskynlik die mees vernederende en laakbaarste daad wat teenoor enige vrou gepleeg kan word, as sy dit oorleef.

In Vilakazi is daar as volg na die misdaad verwys:

“Rape is a repulsive crime. It was rightly described by counsel in this case as 'an invasion of the most private and intimate zone of a woman and strikes at the core of her personhood and dignity.'"

In die saak van S V Chapman 1997(2) SASV3 HHA is na verkragting verwys as:

"(a) humiliating, degrading and brutal invasion of the privacy, the dignity and the person of the victim. "

Volgens die statistiek in die handboek, Strafreg, waarna reeds verwys is, was daar 68 332 seksuele misdade in 2009/2010 gepleeg, en dat in 2011 beraam is dat daar elke 25 sekondes 'n vrou in Suid-Afrika verkrag word. Dit is dus te verstane dat kampanjes en protesoptogte teen seksuele teistering en mishandeling van vroue aan die orde van die dag is.

24. Van die beskuldigdes se regsverteenwoordigers het aan die hand gedoen dat die verkragtings in hierdie saak nie van die mees ernstige gevalle is wat al voorgekom het nie. Die argument is hoofsaaklik daarop gebaseer dat Me B nie asgevolg van die verkragtingsdade deur besks. 2, 3 en 4 werklik beseer was nie. Die beserings wat sy wel opgedoen het was waarskynlik deur besk. 1 met vreemde voorwerpe veroorsaak. Dit is so dat howe in ons land soms onderskeid tref tussen gevalle wat meer ernstig is en gevalle wat minder ernstig is. Merendeel draai dit om die aard van die geweld wat ter sprake was. Elke saak moet egter op sy eie meriete hanteer word. In hierdie saak is die gebrek aan fisiese beserings wat Me B tydens die verkragtings opgedoen het, na my mening, van

weinig belang en nie 'n aspek wat in die guns van die beskuldigdes kan tel nie. Daar moet gekyk word na wat aard en omvang van die omstandighede was tydens die gebeure. Me B was magteloos nadat sy op die bed vasgemaak en haar mond toegeplak was. Sy was ernstig aangerand, wat ook die skending van haar borste insluit. Daar was drie gemaskerde mans wat haar beurtelings verkrag het en geen genade gehad het nie. Besk. 1, 'n persoon wat haar sy op 'n stadium sekerlik liefgehad het en na aan haar was, wie sy ook vertrou het, het die voorval ge-orkestreer en die ander drie aktief met raad en daad bygestaan. 'n Meer skrikwekkende en traumatiese ervaring is nouliks denkbaar. Wat die beskuldigdes aan haar gedoen het was weersinswekkend en gruwelik. Me B se psigiese en fisiese trauma, haar vernedering en die impak wat dit op haar lewe moes he, sal moeilik behoorlik in woorde beskryf kan word. Die gevolge van haar ervarings is bespreek in die Slagofferimpakverslag.

25. Dit is waarskynlik gepas om kortliks na die aspek van berou te verwys. Dit is so dat afwesigheid van berou nie teen enige beskuldigde gehou behoort te word nie. Enige aangeklaagde het die reg om onskuldig te pleit en met 'n verontskuldigende weergawe te volstaan, selfs na skuldigbevinding. Die aanwesigheid van opregte berou mag egter wel 'n strafversagtende effek he, en in gepaste gevalle as 'n wesenlike en dwingende omstandigheid, wat 'n mindere vonnis regverdig, aangemerk word. In hierdie saak is daar egter geen teken van berou by enige van die beskuldigdes nie. Mnr Greyling se submissie dat die inhoud van Bew. "W", die dagboek wat besk. 1 bygehou het nadat die misdade gepleeg is, waarin hy onder andere sy verhouding met Me B aangeteken het, aandui dat besk. 1 wel berou het vir sy dade, is sonder substansie, en het geen verdere bespreking nodig nie. Kortom, daar was maar net geen berou nie.

26. Die vraag of besk. 1 moontlik verminderd toerekeningsvatbaar was, wat die vonnis

mag beinvloed, moet oorweeg word teen die agtergrond van die beplanning van die misdrywe. Dit is duidelik dat besk. 1 metodies en planmatig te werk gegaan het. Gevolglik kan dit nie bevind word dat besk. 1 enigsins, as gevolg van sy persoonlike probleme so onder emosionele druk was, dat hy selfs verminderd toerekeningsvatbaar was nie.

27. In soverre dit besk. 1 dus aangaan, kon hierdie Hof nie, na oorweging van al die omstandighede en die argumente, 'n aanduiding vind van die bestaan van enige wesenlike en dwingende omstandighede wat die oplegging van 'n mindere vonnis as die voorgeskrewe minimum vonnisse met betrekking to aanklagtes 1, 3,4, 5 en 6 regverdig nie.

28. Wat betref aanklag 2, is daar reeds verwys na die feit dat Me B vetroue in besk. 1 gehad het. Dit is skandelik geskend. Alhoewel die doel van die vryheidsberowing van Me B was om haar voor te berei vir die verkragtings wat gevolg het, was dit 'n aparte misdryf en behoort 'n aparte straf vir hierdie aanklag dus ook opgele te word.

29. Die aanranding op Me B wat tot gevolg gehad het dat haar liggaam permanent fisies geskend is, word in 'n baie ernstige lig beskou. Die beserings was ernstig en het ook definitiewe psigiese letsels gelaat. Besk. 1 het duidelik die bedoeling gehad dat Me B se liggaam geskend moes word. Hy het dit dan ook reggekry. Benewens die aanranding op Me B in die teenwoordigheid van die ander drie beskuldigdes, het besk. 1, selfs nadat hulle drie die kamer verlaat het, voortgegaan om Me B te martel deur staaldruppels op haar privaatdeel en anus te gooi wat die pyn wat sy ervaar het vererger het. In hierdie verband is dit dus duidelik, wat hierdie aanklag betref, dat besk. 1 'n swaarder straf verdien as besks. 2, 3 en 4.

30. Alhoewel besk. 2 waarskynlik nie dieselfde oorwegingsredes en motief as besk.l gehad het nie, is dit duidelik dat hy besk.l bygestaan, en aktief gehelp het met wat besk.l beplan en gedoen het. Op die waarskynlikhede was besk. 2 'n huurling wat op een of ander wyse deur besk.l vergoed sou word. Hierdie situasie vererger eintlik besk. 2 se blaamwaardigheid en kan 'n verswarende faktor wees. Daar is geen wesenlike en dwingende omstandighede wat in de guns van besk. 2 inag geneem kan word nie. Besk. 2 se persoonlike omstandighede, wat na die agtergrond geskuif het, is ook nie sodanige omstandighede nie.

31. Dit mag blyk dat besk. 1 in die omstandighede swaarder gestraf behoort te word as die ander beskuldigdes omdat dit hy is wat hy 'n persoonlike aksie teen Me B gahad het en die misdade self-begin beplan het. Alhoewel hierdie aspek 'n ernstige verswarende faktor is, moet in ag geneem word dat besks. 1 en 2 nie daarvan aangekla is dat hulle tydens die beplanning van die misdade, wat die voorbereiding van die kamer insluit, 'n misdryf gepleeg het nie. Hulle twee was nie van sameswering om 'n misdryf te pleeg aangkla nie. Die misdrywe waaraan al die beskuldigdes skuldig bevind is, was gepleeg vanaf die oomblik wat besk.l die handdoek oor Me B se kop geplaas het. Van daardie tydstip af was al die beskuldigdes betrokke en het met gemeenskaplike opset die misdrywe, die moord uitgesluit, gepleeg. Dit volg dat al vier beskuldigdes in 'n gelyke mate, volgens die stand van ons reg, aanspreeklik is vir die misdade wat daarna teenoor Me B gepleeg is. Gevolglik is die afwesigheid van enige deelname aan die beplanning van die misdade nie 'n versagtende faktor wat in die guns van besks. 3 en 4 kan tel nie. 'n Soortgelyke situasie het al in die praktyk voorgekom waar 'n bende misdadigers, nadat hulle 'n spesifieke misdaad, soos roof met verswarende omstandighede, waarvoor ook 'n minimum straf voorgeskryf is, oor 'n lang tydperk noukeurig beplan het, en dan op die dag wat die misdaad gepleeg word, skielik hulp inroep van ander persone wat die bende dan aktief, en

met die nodige opset, bystaan. Almal sal dan ewe blaamwaardig wees. Die nuwe toetredenes sal hulle nie daarop kan beroep dat hulle gebrek aan deelname aan die beplanning 'n wesenlike en dwingende omstandigheid is wat 'n mindere straf regverdig nie. Dit is presies die geval hier.

Net soos besk. 2 was besks. 3 en 4 huurlinge en het hulle waarskynlik vir persoonlike gewin meegedoen.

32. Ek het reeds daarna verwys dat die persoonlike omstandighede van 'n beskuldigde in ernstige sake na die agtergrond skuif. Die persoonlike omstandighede besks. 3 en 4 en die feit dat hulle eerste oortreders is, is in die lig van die feite van hierdie saak, nie omstandighede wat tot hulle redding kan kom nie nie. Gevolglik word dit bevind dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat ter regverdiging van die afwyking van die voorgeskrewe minimum vonnisse in hulle geval kan geld nie. Die verswarende omstandighede waarna reeds verwys is, is oorweldigen

33. Artikel 103 van die Wet op Beheer van Vuurwapens, No. 60 van 2000, bepaal onder andere dat enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf waarby geweld of seksuele mishandeling betrokke is en 'n vonnis van direkte gevangenisstraf opgele word, onbevoeg is om 'n vuurwapen te besit.

34. Dit is so dat die beskuldigdes al vir meer as 18 maande verhoorafwagtend is. Dit is gevolglik aan die hand gedoen dat daardie tydperk in ag geneem behoort te word wanneer die Hof die vonnis ople. Dit is korrek en moet gedoen word in gevalle waar 'n bepaalde termyn gevangenisstraf opgele word. Sien Vilakazi. Waar 'n onbepaalde termyn direkte gevangenisstraf opgele word, sal die Korrektiewe Dienste-owerhede waarskynlik op die

situasie agslaan sonder 'n spesifieke hofbevel.

Die vonnisse wat opgele word is die volgende

Beskuldigde 1:

Annklag 1: Lewenslange gevangenisstraf;

Aanklag 2: Tien jaar gevangenisstraf;

Aanklagtes 3, 4, 5 en 6 - Saamgeneem-: Lewenslange gevangenisstraf;

Aanklag 7: Vyftien jaar gevangenisstraf.

Beskuldigde 2:

Aanklag 1: Lewenslange gevangenisstraf;

Aanklag 2: Tien jaar gevangenisstraf;

Aanklagtes 3,4, 5 en 6 – Saamgeneem: Lewenslange gevangenisstraf;

Aanklag 7: Agt jaar gevangenisstraf. Besks 3 en 4: Elk:

Aanklag 2: Tien jaar gevangenisstraf;

Aanklagtes 3,4, 5 en 6 - Saamgeneem: Lewenslange gevangenisstraf;

Aanklag 7: Agt jaar gevangenisstraf.

A J BAM WR

17 Julie 2013

Regsverteenwoordiging vir

Die Staat: Advokate R. Meintjies SC en C Harmzen

(in opdrag van die Direkteur van

Openbare Vervolging);

Beskuldigde 1: Advokaat P. du P Greyling

(in opdrag van Mnr R. Coetzee by Steenkamp, de

Villiers en Coetzee in Bloemfontein);

Beskuldigde 2: Mnr J. van Rooyen (in opdrag van die Regshulpraad) en

Beskuldigdes 3 en 4: Mnr F. van As (in opdrag van die Regshulpraad).